Liturgiese Riglyne

SONDAGOGGEND 09:00

Die geheim van vrug-dra!

Skriflesing:
Gal 5:13-26

Teksvers:
Gal 5:22a,25,26

Sing:
Ps 122-1:1,2
Ps 111-1:1,2,3,4
Ps 1-1:1,2
Sb 8-1:1,2
Ps 89-1:1,3
Sb 13-2

Prediker: Ds Gerrit Kruger

Vrugte word nie geproduseer om uitgestal te word nie. Die eerste doel is nie dat vrugte deur mense bewonder moet word nie. Vrugte is daar om geëet te word, om die mens te voed en gesond te hou. Maar op geestelike terrein is vrug-dra net so belangrik.

Elke Christen moet die vrug van die Gees in sy lewe dra. Wat is die geheim om die vrug van die Gees te kan dra.

- Die aanplanting van die vrug van die Gees.
- Die verbouing van die vrug van die Gees.
- Die oes of resultaat van die vrug van die Gees.

SONDAGAAND 18:00

Jongmens - Wat is Jou GPS?

Skriflesing:
Ps 1:1-6
Jer 17:5-8

Teksvers:
Ps 1:6

Sing:
Ps 146:1-3, 6
Ps 25: 2, 4, 5, 6
Ps 1:1-2
Ps 1:3, 4
Sb 13-2

Prediker: Student Frikkie Deysel

Ek is Frikkie Deysel. Ek is 'n 5de jaar teologiese student en 'n jong man. Dit is daarom vir my 'n besonderse voorreg om vanaand met julle en besonder met my mede-jongmense 'n boodskap te deel wat baie vir my beteken het.

Psalm 1 gaan oor twee paaie, die pad van die Gelowige en die pad van die ongelowige. Op watse pad is ons? Watse pad-kaart gebruik ons? Watse GPS gebruik ons? Waar lê ons Ge-luk, Plesier en Sekerheid? Ons GPS.

KOMMUNIKAATJIE

Gereformeerde Kerk Centurion

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

Jaargang 47 Nr 01 16 Januarie 2022

Webblad: http://www.gkcenturion.co.za

Die vrug van die Gees!

2022

Gal 5:22,23

"Die vrug van die Gees, daarteenoor, is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelik-heid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing."

Ons begin elke jaar met goeie voornemens. Ons het planne, drome en verwagtings van elke nuwe jaar. Dit is wonderlik hoe die Here ons in staat stel om nuut te dink en te beplan. Elke jaar 'n vars voorneme, 'n lewe toegewy aan God!

Hierdie jaar het Centurion gemeente die tema gekies met 'n doel. Die doel is om te groei in ons geloof. Hierdie is 'n proses wat geen mens op sy eie kan doen nie. Soos wat 'n gelowige boer in die geloof die grond bewerk en plant, so moet elke Christen elke jaar in geloof die jaar begin. Om die grond vir ons geloof opnuut voor te berei, is om biddend voor God te buig en te vra dat Hy ons sal lei, behoed en bewaar en ons harte sal reinig, sodat ons vrugbaar kan wees.

Psalm 1:1 stel dit duidelik dat die mens wat in die Woord van die Here sy vreugde vind, is soos 'n boom wat by waterstrome geplant is. Die mens se groei kom uit die Woord. Die vrugte wat ons dra kom vanweë die regte bemesting, die Woord en die Heilige Gees wat ons lei om met wysheid uit die Woord te leef.

Hierdie vrug wat ons moet dra het nege segmente. Dit is soos 'n nartjie, een vrug, maar dit bestaan uit 'n klompie segmente, skyfies. Elke mens moet biddend daarna strewe om al nege hierdie segmente in sy of haar lewe te openbaar. As ons dit bid-dend nastreef, sal God ons vernuwe. Ons sal die diepe besef van sondevergifnis deur Jesus Christus ontvang. Ons sal die leiding van die Heilige Gees ontvang. Ons sal dan vreugde en vrede in ons Here Jesus Christus beleef.

Kom ons pak die nuwe jaar aan met die vaste voorneme om **"*die vrug van die Gees*"** te dra en God al meer en meer te verheerlik.

Ds. Gerrit

ALGEMENE INLIGTING

Vrug van die Gees!

EREDIENSTYE

Afrikaanse Oggenddiens: 09:00
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Gerrit Kruger: 082 964 5595
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

Kantoorure: ***Ma-Do*** *08:15 - 13:00*
Telefoon: **012 664 2614**
Epos: Kerkkantoor—**kerkkantoor@gkcenturion.co.za**

Basdenlaan 226
Lyttelton

Inhandiging van Kommunikaatjie-berigte sluit Woensdae om 12:00

NUWE INTREKKERS: Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

VIDEO UITSENDINGS Volg skakel op gemeente se webblad **gkcenturion.co.za** of ons internetskakel **stroom.gkcenturion.co.za**

EREDIENSTE OP INTERNET: http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).

LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK: Esmé 083 381 6428/esmel.prins@gmail.com.

KOLLEKTES

Gebruik asb die Zapper vir die volgende kollektes:

Vandag: Tydens erediens: Barmhartigheid

By die deure: Biblos

Volgende week: Tydens erediens: Barmhartigheid

By die deure: Mukhanyo student

Maandelikse bydraes dmv EFT

Verwysing: *Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr*

Kerk se bankbesonderhede:
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409

Inbetalings vir die Diakonie:
Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 280 589

Inbetalings vir die Susters:
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 417

SUSTERS

Hierdie jaar spring ons Susters weg met die Vrydag-winkel wat op **Vrydag 4 Februarie** plaasvind. Meer besonderhede sal hierdie week deur middel van die wyksusters gekommunikeer word. Vir enige onsekerheid oor wyksusters, kan met die kerkkantoor 012 664 2614 of met Phia 082 541 6388 geskakel word.

Op **5 Maart hou ons Saamtrek**. Die sprekers is dr. Gustav Gous en Amore Bekker. Die tema is HOOP. Jy kan die dag by Centurion of Wapadrand bywoon – die program is dieselfde. Die Saamtrek hou rekening met die onsekerhede van Covid en bied dit daarom ook op so 'n wyse aan dat die funksie kan voortgaan sou daar weer 'n Covid-golf ons tref.

Ons hou **direk na volgende Sondag se Nagmaaldiens op 23 Januarie** 'n kort inligtingsessie waartydens meer inligting gegee word oor die Saamtrek, asook die kans bied om te help met hierdie funksie. Maak dus asb 'n punt daarvan om die vergadering by te woon en voluit deel te wees van dit wat die Susters aanpak

FOTO PROJEK

Daar is opgemerk dat wanneer daar 'n naam afgekondig word tydens lief-en-leed, dit baie gebeur dat lidmate nie weet wie die persoon is nie. Ons ken nie almal se name nie, maar wel die gesigte.

Die diakonie wil graag daarom 'n foto-rekord van alle gemeentelede opbou. Lidmate se foto kan dan op die fotobord vertoon word tydens die deel van lief-en-leed.

U word versoek om ons asseblief hiermee te help deur 'n foto van uself en u familielede, afsonderlik, te stuur na gkcenturionfotos@gmail.com.

Dit sal werklik opreg waardeer word as u dit kan doen en by die foto die volgende inligting plaas:

Naam en Van en Wyk nommer

Vir verdere navrae kan u Petra Swanepoel kontak by 082 927 7324

Ons gee om vir Mekaar

"...die Here sal my onder sy sorg neem." Ps 27:10

- Ons doen voorbidding vir al ons lidmate wat tans sukkel met hul gesondheid en dink veral aan Jan Heystek (A10—082 337 0081) en Andre Cilliers (A14—660 0952) .
- Fanie du Bruin het 'n draai in die hospitaal gemaak na 'n val (A2—082 780 8759).
- Emmy van der Zee ondergaan toetse in Unitas Hosp (A12—079 929 6118).
-
- **Meelewing** word betuig met:
  - Willie Bakker en familie na die afsterwe van haar swaer.
  - Familie en vriende na die afsterwe van Helena vd Merwe.
  - Flip en Nicoline Jonker en Dirk en Lida Lochner na die afsterwe van Nicolene en Linda se vader

Ons lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra

Verjaarsdae

Belydende lidmate

16-Jan	Calvyn	Badenhorst	B14	27723405753
	Elsa	du Toit	C13	27842519116
	Jan	Venter	B17	27828389848
	Bets	Wallace	B06	27848863478
17-Jan	Dean	Aucamp	B12	27724337051
	Pieter	Smith	A10	27824823596
	Marieke	Zeevaart	B15	27814765585
18-Jan	Eric	Guldemond	A08	27836406138
20-Jan	Talitha	Buys	B09	27745165630
	WD	le Roux	B04	27731813046
	Amanda	Swanepoel	B09	27722698605
21-Jan	Hendrik	Bornman	C10	27724682973
22-Jan	Janina	de Beer	B03	27729424218
	Mariana	Pelser	B15	27826544789
	Koos	van Zyl	B05	27825795853

Dooplidmate

18-Jan	Katha	vd Westhuizen	C15	27795125575
	Divan	Loots	A08	27612662161
19-Jan	Ewan	vd Walt	E01	27825673643
	Louisa	van Zyl	C13	27832724884
20-Jan	Ruan	Loots	A08	27612662161
21-Jan	Miané	vd Riet	C15	27829246759
22-Jan	Danika	Snyman	B10	27835175803

Alethea Outreach

11:00

Worship Service

Like us on facebook:

https://www.**facebook**.com/aletheaministry/

Van der Walt huisonderhoud—Vir enige herstel-, verf-; teëlwerk; badkamers; staalwerk; sekuriteits-hekke en diefwering; plaveisel; dakwaterseëling; palissades; bouwerk; ens. Vir gratis kwotasie skakel Hennie vd Walt 0829274326/ hj2vdwalt@gmail.com.

Solly Muhlarhi (Diaken van Engelse Diens) soek **tuinwerk en verblyf** nader aan kerk. Skakel hom by 079 356 9591/Hennie vd Walt 0829274326.

Jennipher soek huishulpwerk en indien moontlik verblyf. (Kook, koekbak, versorging van siek en bejaarde mense) Werk al 20jr by my Hennie vd Walt 082 927 4326.

Betroubare huishulp, Bettie soek werk. Skakel Cesilia du Plessis 073 942 5533.

Die Skep-Hoop-Fonds

Ons wil elke lidmaat wat bygedra het tot die fonds bedank. Ons versoek dat u sal aanhou bydra aangesien die gevolge van die Covid pandemie steeds diep sny en daar heelwat mense is wat swaarkry.

Kontak asseblief u ouderling, diaken, predikant of die diakoniebestuur vir verdere inligting of indien u hulp nodig het.

Marius Gerber 082 327 2949
Rudy Kruger 082 466 6035
Petra Swanepoel 082 927 7324
Theuns Louw 082 815 4275

Kantoor se telefoon is weer in werking:

Gebruik asb ons ou nr:

012 664 2614

Kantoorure: Ma-Do 08:15-13:00

Inhandiging van berigte vir Kommunikaatjie sluit Woensdae om 12:00

"Geloof verander lewens" Matteus 17:20

GTA AFSKOP

16.1.2022

Sondag, 19:00, GTA GROT

Ontdek jouself

Vertel jou storie

Sout en Peper

GK Centurion

GKC Kosbank

Die doel van die kosbank is om aan lidmate en hulle families kos te voorsien tydens 'n siekte/ hospitalisasie/herstelproses (bv Covid/kanker).

Indien jy bewus is van 'n behoefte, kontak asb: Diaken, Ouderling of Predikant.

En die Gees en die bruid sê: "Kom!"

En laat elkeen wat luister, sê: "Kom!"

En laat elkeen wat dors het, kom.

En laat elkeen wat dit begeer,

die water van die lewe kom kry, verniet!

Openbaring 22:17

TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.

16 Januarie 2022
C06 Doret Pretorius
B10 Anita Snyman
A05 Magda Pelser

23 Januarie 2022
C05 Mari Coetzee
B09 Rika Pretorius
A04 Wilna van Zyl

30 Januarie 2022
C04 Leandre Struwig
B08 Anneri Jankowski

Bybelskool van Centurion 2022

bied aan

Die Sending van Jesus

Ons kyk na video's van Ray Vander Laan

Ons begin weer op 1 Februarie 2022

Plek: GK Centurion Kerksaal
Basdenlaan 226, Lyttelton
Tyd: Elke Dinsdagaand om 19:00
(vir ses weke)
Koste: Gratis
Aanbieder: Ds Maarten van Helden
Navrae: Hein Kaiser 082 772 7718/Kerkkantoor 060 696 7373

Almal welkom